# 6 *Sondag*

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: JOB 2:11 – 3:20**

## Uitbarsting uit die stilte

Die magtige goddelike drama van die boek Job speel af teen die agtergrond van intense stiltes.

Daar is die stilte van die drie vriende wat sewe dae en sewe nagte by Job op die ashoop kom sit. Wat het gedurende daardie lang dae en nagte gebeur? Dit was 'n stilte soos jy en ek dit sekerlik ook ken – met diep emosies gelaai. Wat móét 'n mens ook eintlik in sulke omstandighede vir jou vriend sê? Elkeen "torring aan die taai knoop van sy gedagtes". Dis al.

Daar is nóg stiltes. Satan se mond is gesnoer. Jy hoor nooit weer 'n woord van hom in hierdie boek nie. Job se vrou het stil geword. Watter namelose stilte moes dit nie gewees het nie … soos iemand wat woordeloos ly. Met uiterste deernis en jammerte kyk sy waarskynlik toe hoe haar lewensmaat vergaan.

Bo alles heers die gróót stilte egter: Gód swyg. Hoofstukke en hoofstukke lank swyg die lewende God wat alles in sy hande hou. O, die verskriklike beproewing van 'n swygende God terwyl mense ly en ly … Wie ken nie iets daarvan in sy of haar lewe as gelowige nie?

Uit hierdie stiltes breek die vrae dan soos lavastrome uit sy opgedamde binneste uit. Job is nie meer die "gelate" man van vroeër nie. Hy word die vraer en worstelaar. "Waarom is ek ooit gebore?" Hy begryp nie: Kan dit dieselfde God wees wat hom vroeër so geborge vasgehou het?

Hoor jy die verre vóórklanke van dié "waarom" waarin al jou en my "waaroms" en al Job se "waaroms" uitgedra is? "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

*Sing: Psalm 43:5*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*